# Hoofstuk van die dag: 1 Timoteus 6

> *Stry die goeie stryd van die geloof; gryp die ewige lewe aan, waartoe jy geroep is en waarvan jy die goeie belydenis voor*

*baie getuies afgelê het. (1 Tim 6:12 AFR2020)*

Een van die misverstande oor Christen-wees is dat, omdat Christus klaar alles gedoen het dat ons verlos kan word, onsself niks hoef te doen nie. Daarom is daar, helaas, te veel Christene wat nie saam stry vir die Koninkryk nie, wat as ’t ware op die soustrein hemel toe ry.
Ek sê dit is ’n misverstand. In die gelykenis van die goue muntstukke sê die eienaar vir die slaaf wat die een muntstuk weggesteek het, hy is ’n lui en slegte slaaf (Matt 25:26). Jesus praat van die geloofspad as een van kruis opneem en Hom volg (Matt 16:24,25). Hy het ook gewaarsku dat iemand wat Hom volg, nie soos een kan wees wat sy hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk nie (Luk 9:62).
Bonhoeffer het tereg gesê dat genade sonder navolging van Christus goedkoop genade is. Genade is egter nie goedkoop nie. Dit is baie duur; dit het Christus sy lewe gekos. Daarom praat Paulus van die geloofspad as ’n stryd, en dat ons die ewige lewe moet aangryp (vers 12). Navolging kos jou.

*Naskrif:* Môre begin ons met die brief aan die Hebreërs.


## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke

© Bybelkoerant 2018 – 2026